# GENERALE MISSIVE

***Nuusbrief van die Stigting VOC 4/12***
***Newsletter of the VOC Foundation***

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
Internet: http://www-voc-kaap.org E-pos: vocinfo@voc.org Skakel/*Contact*: Mnr B. de Vries (Lidmaatskap /*Membership)* Tel.: 021-851-3850. e-pos: boudewyn@mweb.co.za. Mnr C. Wessel (Finansies /*Finance*) tel: 082-377-1682.

---

***Welaen Vrunden!***

**Nuwe lede:** Ons verwelkom graag die nuwe vriende Wena Gatenby, Mariëtte Pitlo, Neels Basson, Jan Barkhuizen en Marina Tromp as lede van ons Stigting, en hoop dat ons onderlinge vriendskap lewenslank, aangenaam en vrugbaar sal wees.

**Uitstappies:** Hier is iets besonders. Willem Steenkamp, kurator van die Chavonnes Battery Museum en skrywer van gewilde sosiale geskiedenisse soos *Poor Man's Bioscope* (oor ou-Kaapstad), *Land of the Thirst King* (oor ou-Namakwaland) en die gesaghebbende militêre geskiedenis *South Africa's Border War (*ook in Afrikaans) kom sy jongste aan ons bekend stel.

Getitel *Assegais, Drums and Dragoons,* ondersoek dit die sosiale aspekte van vroeë militêre konflik van 1510 tot 1806 aan die Kaap, grotendeels onder die Hollandse vlag. Dit is 'n rare perspektief en hy het daarvoor 'n goeie resensie van prof. Bill Nasson, Departement Geskiedenis van die Universiteit van Stellenbosch, gekry. Dit gaan oor die hart van die soldaat eerder as oor sy wapens, en raak o.a. aan die lewe binne die Kasteel en unieke, eg-Kaapse eenhede soos die Korps Pandoeren, die Maleier Artillerie Korps en die Swellendamse Dragonders. Die boek is van kaarte en ander illustrasies voorsien. Willem is 'n goeie mengsel van joernalis, soldaat en Namakwalander, en kwalifiseer gevolglik as natuurlike, onderhoudende verteller, voor 'n gehoor en op papier. Sy boek sal daar te koop wees, teen R250.

**10:30** op **Saterdag 15 September 2012** by **Huis der Nederlanden**, Sentraal Plein, Pinelands. Volop gratis parkering. Toegang: R20,00 bydrae tot die *Meermin*-fonds.

**Vissershok:** Voor ons op besoek aan een van die oudste en merkwaardigste Kaapse buiteposte kan gaan, sal ons 'n bietjie moet wag. Die pad na Vissershok is deur die Dieprivier oorstroom en beskadig, en winter het die ou plaas van die buitewêreld afgesny.

**Erfenisdag:** Op 24 September gaan Helderberg Renaissance Stigting vir die vierde jaar die Gantouwpas bestyg om die VOC-seinkanon op die pas af te vuur. Die plek word van die oostekant af bereik; draai net voor Grabouw links en volg die padtekens ('n kanon met 'n pyl) deur die dennebos. Die program begin om 11:30 met 'n Nederlandse

skriflesing, die VOC-vlag deur Scouts gehys en die *Wilhelmus* op ’n trompet gespeel. Die eeue-oue bergpas se geskiedenis word vertel, waarna Voortrekkertjies die vlag sal stryk. Die lug smaak daar na suiwer suurstof en die uitsig van die bergkruin af oor die hele Skiereiland is pragtig. Deelname: R10 vir volwassenes, kinders gratis.

**Ons Stigtingsdatum:** Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom in die Sekundeshuis van Kasteel de Goede Hoop, presies tweehonderd jaar na die VOC-vlag oor die Kasteel neergehaal is. Ek noem dit sodat u dit aan ander kan sê wanneer u hulle van ons aktiwiteite vertel en hulle nooi om ons funksies by te woon.

**Sekretaris: Dringende oproep om vrywilliger.**

Ons Stigting is aan u bekend; ons is ’n vrywillige bewaringsliggaam wat probeer om die uitgebreide erfenis, fisies en geestelik, wat onder die VOC (1602 – 1795) bestaan of ontstaan het, te beskerm, die voortbestaan daarvan te verseker, inligting daaroor bekend te maak en verwante kultuurtoerisme te bevorder.

Vantevore kon ons klaarkom met ’n notuleklerk wat beurtelings waargeneem het, maar ons het dit ontgroei. Nie net het ons praktiese bewaringswerk die afgelope jare uitgebrei nie, maar ons provinsiale bewarings-owerheid (Erfenis Wes-Kaap) vereis van bewaringsgroepe wat by hulle geregistreer is, om ’n amptelike sekretaris te hê. Ons vriend Joanna Marx se skielike dood laat ons sonder sekretaris.

Wat benodig die Stigting?

a) ’n sekretaris, om as komiteelid te help beraam, beraadslaag en besluit (b) om ’n kwartiertjie of minder per week sekretariële diens te lewer. Die werk is onbetaald, vir die goeie saak. (c) ’n aste posadres. Voorheen was ons adres ‘*Kasteel de Goede Hoop, Posbus 1, Kaapstad, 8000.*’ U huisadres kan nou een van die bewaringswêreld se belangrikste adresse word.(d) Indien nodig, internet-skakeling met lede en ’n internasionale webwerf van bewaringsvriendenet .(e) Vier keer per jaar telefonies met die Voorsitter ’n agenda saam te stel vir ons kwartaallikse komiteevergaderings in die Kasteel, en dit onder komiteelede te versprei. (f) Vier of vyf maal per jaar notule te hou by vergaderings. (g) Notules, nuusbriewe, ens. in ons lêer te liaseer en bewaar.

Ons vra enigeen wat kan lees en skryf en ’n nuttige, uiters belangrike bydrae tot historiese kultuurbewaring wil maak, om asseblief voorsitter Leon Hattingh (tel. 021-851-5374) te skakel, en aan te bied om die belangrike pos van ons Sekretaris te vul. Die saak van kultuurbewaring in Suid-Afrika sal u vir altyd dankbaar wees.

**Toer na die Suid-Kaapse buiteposte.**

Ons Stigting het oor die jare vier lang opvoedkundige toere na die Kompanjie se gewese buiteposte onderneem. Per bus het ons die Skiereiland, Land van Waveren, Weskus en Overberg deurreis om te kyk hoe, met ’n ingewikkelde stelsel van buiteposte, die Kaapse geografie 143 jaar lank in die Kompanjie se ekonomiese behoeftes voorsien het. Hoe? Totaal; daarsonder was hier geen nedersetting nie.

Ons vorige toere was groot ondernemings, met veertig of vyftig VOC-entoesiaste, vol kundigheid, professionele ervaring en kennis, volop interessante sake om te ondersoek en

besigtig, afgewissel met een of twee nagte oorslaap in eersteklas hotelle. Dit eindig altyd met ons formele dinee op die tweede aand, gewoonlik saam met ’n dorp se plaaslike historiese vereniging en die volgende dag foto’s in hul koerant. Dié wat al saam gereis het, onthou Kasteel de Goede Hoop, St Helenabaai, Saldanhabaai, Kaap Agulhas. Ons maak nou weer so.

Volgende besoek ons die gewese Suid-Kaapse buiteposte **Mossel Baaij, Houteniquasland** (George) en **Plettenbergs Baaij,** belangrike en interessante rolspelers in die VOC se laaste dekades aan die Kaap. Wat was hulle, en hoe het hulle die omgewing se mense beinvloed? Die reis duur drie dae; ons vertrek om 07:00 op ’n Maandag van die Kasteel (motors bly hier agter op beskermde terrein, op eie risiko)oornag die aand op Mosselbaai en die Dinsdagaand op Plettenbergbaai, op een van die aande sal die Stigting se jaarlikse dinee plaasvind, en ons kom op ’n Woensdag terug.

met rbegindie  In November gaan drie verkenners goeie en billike verblyf en ander geriewe langs die roete bekyk, om ’n gepaste prys vas te stel, en in Februarie 2013 gaan ons op toer. Ons prom ’n klein wins te maak om ons model van die hoeker *Meermin* te help betaal. Elke klein bydrae tel.

Met dié finale toer laaste van die , en elangstellendes , ulle families en vriende wat wil saam toer, om asseblief ons lede-sekretaris Boudewijn de Vries te bel (021-851-3850) om plek vir ’n aantal persone te bespreek. sal

**Meermin-model:** Ons model van die hoeker *Meermin* vorder mooi. Die bouer Brian Donnelly is al besig om hom op te tuig, met ander woorde, maste staan te maak en die nodige touwerk aan te bring. As dit ’n werklike skip was, was hy nou reeds met die nodige seremonie, soos die lediging van verskeie flesse jenever en ’n toespraak deur die Prins van Oranje, te water gelaat en drywend.

Dit is ’n absolute pragstuk, die produk van fyn vakmanskap en kennis van maritieme argitektuur, maar ’n duur projek waarvoor ons nog R50 000 benodig. Ons moedig graag lede aan om spesiale geldelike skenkings vir die doel te maak. Elke bedraggie is welkom; merk dit asseblief: <u>*Meermin*-fonds</u>.

Van Stigting Simon van der Stel het die fonds R10 000 ontvang, bestem vir ’n glaskas met hulle naam as donateur daarop. Graag gedaan. Hulle sal per brief bedank word.  Onthou dat die model bestem is vir opvoedkundige doeleindes, in bruikleen aan die Slawelosie Museum.

**Skilderye van Simon van der Stel?**

*Die Burger* van 18 Julie vertel van ’n *‘baie skaars skildery van Simon van der Stel’* wat in ’n ‘*stowwerige pakhuis*’ in Gelderland ontdek is. Hoekom klink dit bekend? Daar is ’n foto by van ’n skildery van ’n man met ’n tros druiwe en in die agtergrond ’n piramiede ‘*wat nogal aan Tafelberg herinner*’. Die joernalis vertel in ’n teks met elementêre feite-foute (soos jy enige tyd gratis van die internet kan aflaai) dat Simon ons eerste goewerneur was, hy is daarvoor verantwoordelik dat die land vandag met ’n wêreldgehalte wynbedryf spog, dat daar nou drie skilderye van hom bekend is, maar een is in ’n brand verlore, ens., Asseblief. Spaar ons nuwe mites. Behoorlike bewyse is nodig.

As enigeen my kan sê hoe ’n piramiede en ’n tros druiwe ’n onbekende man in Simon van der Stel verander, skenk ek R10 000 (tienduisend rand) aan die *Meermin*-fonds.

Maar hoekom is die joernalis so liggelowig? ’n Vervlakte joernalistieke peil vir ’n dommer wordende publiek, of die swak kwaliteit van geskiedenis-onderwys op skool en universiteit? Dit wag vir jou kinders.

**Besoek aan Caemer die Haghe:**

In *Generale Missive 3/12* het ek beloof om, op versoek van ’n aantal lede, kortliks te vertel van ons besoek aan Nederland in Maart vanjaar, met die doel om ‘*De Preise: VOC Caemer die Haghe MMX11’* in ontvangs te neem. Ek het u in daardie nuusbrief reeds aan die Caemer se vyf komiteelede (*‘Bewinthebberen’*) voorgestel.

Ek en ondervoorsitter Helena het op ’n Woensdagoggend aangekom, en die hartlike gasvryheid en vriendskap wat ons meer as ’n week lank sou geniet, het dadelik begin; Rob en Charles was daar om ons te haal en Wassenaar toe te vervoer, waar Roeland en Ina ons in hulle huis verwelkom het. Wassenaar is ’n boomryke voorstad van Den Haag, vroeër was dit ’n dorpie op sy eie, omring met boerderye. Die ou dorpskern met sy kerkie, skool en woonhuisies bestaan nog. Dit is ’n mooi plek om te stap, en ons het met die wandelpaadjies deur die bos geloop, met ’n gevoel van absolute veiligheid, soos ons vroeër langs Tafelberg se voetpaaie kon loop.

Kaartjies vir busse en treine is aan ons gegee, waarmee al ons vervoerprobleme opgelos is. Die hele vervoerstelsel is ’n plesier om te beleef, nooit ver van jou voordeur nie, gerieflik, skoon, veilig.

Die eerste aand was daar ’n reünie van die Kaapvaarders, die toergroep wat in 2010 hier op besoek was, net om die hoek by Jock en Peter Campen, in wat lank gelede ’n plaashuis was. ’n Groot en gesellige groep, lekker eet en drink, met ’n spesiale verwelkoming aan ons.

Die tweede dag is ons saam met Sven, Rob en Guus per trein Amsterdam toe. Al wandelend het ons die Schreierstoren (VOC restaurant), Scheepvaertmuseum (die uitstallings is wonderlik gemoderniseer) en die replika van die VOC-skip *Amsterdam* besoek, en verder deur die hoek van die stad na Rokin (ek verstaan die naam so: as jy die Damrak op loop, gaan jy ‘Rok-in.’ Reg?) Toe, ’n *grachtentocht*, met egte kenners, om die fenomenale ou stad van watervlak af te besigtig.

Die volgende dag is ons alleen terug om ’n uitgewer en vertaler vir middagete te ontmoet, en prof. Ena Jansen wat ook dien op die bestuur van Zuid-Afrika-huis. Heel laat in die middag het ons na VOC-huis toe geloop, om met die spoke te praat en dankie te sê vir voorvaders, twee loopbane in Kaapse geskiedenis en die *Preijs*. Die beroemde raadsaal waar Here XVII vergader het, bestaan nog en word as lesingsaal gebruik. Die binneversiering van destyds is nageboots, maar die enorme oorspronklike ingeboude boekkaste is nog daar.

Op Saterdag het Rob en Janine ons per motor Antwerpen toe geneem. Wat ’n stad, met sy middeleeuse gildehuise en katedrale. ’n Spesiale ervaring was dit om die Plancius Museum te besoek, dit gaan oor die begin van drukkuns, die grootste verspreider van

kennis, die begin van Verligting na die Donker Eeue, die wêreld se oudste drukpers hier vlak voor ons.

Die Sondag het Charles en Guus ons Rotterdam toe geneem. Daar is ’n indrukwekkende standbeeld van Johan van Oldenbarneveldt, oprigter van die VOC (staande). Dié dag was daar twee groot gebeurtenisse: die voormiddag het ons in Delfshaven deurgebring. Daar staan ’n replika in aanbou van die oorlogskip *Delft*, wat gesink het na die seeslag by Kamperduin (1797), waar die Nederlandse tallassokrasie ook finaal gekelder is. Dit word die grootste replika ter wêreld. Ons het hul werkswinkels besoek. Bouwerk vorder stadig, van tyd tot tyd raak die geld op, maar die entoesiasme onder die vrywilligers (alles word deur vrywilligers en vakleerlinge gedoen) is lewendig en sterk. Die kiel, uit vier dennebome uit Denemarke gemaak, is al in 2001 gelê, die spante (modern: ‘ribbe’) staan, die goue leeu is voor aan die galjoen, en die skeepsboot is voltooi, geverf en te water gelaat. Om ’n bydrae te maak het ek ’n blok (modern: ‘katrol’) in hul winkel gekoop om saam te bring.

Die hele namiddag was ons, as spesiale gaste, agter die skerms in die pakhuise van die Maritieme Museum, Rotterdam. Dit is om van mal te word, die tientalle werksmodelle van bekende VOC-skepe op die Kaapse roete, selfs ’n werksmodel van die ‘kameel’ (modern: ‘drywende dok’) waarmee skepe oor die Pampus-sandbank gelig is. Die museum het pas ’n skildery aangekoop, wat uitbeeld hoe die Kompanjie se laaste retoervloot deur die Engelse by St Helena gevang is. (Dit is interessant, meer hieroor volgende keer.) Baie van die bekende kaarte, planne en skilderye wat ons as poskaarte of as illustrasies in boeke ken, lê daar in suurvrye slope in staalkaste gebêre. Die wêreld se oudste bekende skeepsmodel staan op uitstalling in die portaal.

Maandag is ons Leiden toe, om weer die fantastiese ou stadjie en sy universiteit, wat so ’n belangrike band met die Kaap gehad het, te besoek. Veel het verander in 35 jaar. Rapenburg 6 *(Internationaal Huis* vir besoekende nagraadse studente) waar ek drie dekades gelede ses maande lank gewoon het met Hongare, Nigeriërs, Chinese en Amerikaners, word nou deur prokureurs beset. Die universiteit se berugte sweetkamer, waar kandidate in spanning wag voor hulle mondelinge eksamen en daarna weer om die uitslag te hoor, en die mure totaal met handtekeninge bekrap is, is met glas afgeskort; jy kyk deur glas na binne waar o.a. Jan Smuts se handtekening tussen duisende ander agter ’n plastiek plaatjie bewaar word. In die uitstallokaal is foto’s van vele beroemde allumni, maar nie van Slim Jannie nie. Roeland het ons die aand see toe geneem, vir ’n wandeling op die strand by Katwijk. Die lug en see na sononder was dynserig, ligrooi. Dit laat dink aan eeue se ongeskrewe geskiedenis, oor kinders, huisvrouens, vissers, hoop deur oorloë verongeluk. Jy weet dis ’n lewende Turner waarna jy kyk. As jy in Engeland sou wees, natuurlik.

Stigtingsdag, 20 Maart, het met ’n kranslegging by die standbeeld van Van Oldenbarneveldt (sittende) in Den Haag begin. Die plegtige prosesse van *Prijsuitreiking, Conditiestellen* en *Vrundenmaal* soos beskryf in die vorige *Generale Missive,* het vroegmiddag begin en voortgegaan tot na sononder. ‘*De Preise: VOC Caemer die Haghe,’* vierjaarliks toegeken (‘*vanweghe het uitdraghen van het ghedachtengoed van de Verenigde Oostindische Compagnje.’*) bestaan uit ’n versierde oorkonde, ’n goue

lapelspeld en ’n handgeskilderde muurbord met gepaste ontwerp. Die Nationaal Archief in Den Haag was die vorige ontvanger, sodat dit my, heel trots maar ook verbaas, tot hoë geselskap verhef het. Helena het ’n blougroen syserp met goue VOC-teken gekry, soos die das wat deur hulle *participanten* gedra word. Volgens hul tradisie moes besoekende vroue (*‘joffers’*) ons vir die *Vrundenmaal* verlaat en Helena is tuis onthaal. Net mans word lede van Caemer die Haghe.

21 Maart is in Den Haag deurgebring, eers as gaste van die Nationaal Archief vir tee en ’n besoek aan die diepste kluise om ’n groot verskeidenheid rariteite te besigtig, o.a. Here Sewentien se raadsbesluite en die VOC se ‘*octrooij*’ of stigtingsakte van 1602, die seël daaraan is so groot soos ’n piering. In wêreldgeskiedenis is dit, myns insiens, een van die heel belangrikste dokumente. Sowaar is daar ook ’n gekleurde kopie (of die oorspronklike?) van ons skaars gekleurde kaart van die Wes-Kaap, 1688-1695, hier bekend as M1/273, Kaapse Argief.

Ons het daarna die middeleeuse Riddersaal met die troon van Nederland besoek, die gebou van die Haagsche Besoignes waar die VOC se prokureurs gewerk het, en die Gevangenis Museum waar Van Oldenbarneveldt onthoof en Raadspensioenaris De Wit en sy broer in honderd stukke geskeur is. Den Haag se middestad word op groot skaal gemoderniseer, en vriend Rob, stadsbeplanner van beroep, het die ontwikkelings op interessante wyse verduidelik. Ons het die dag met ’n geurige rystafel in die Indonesiese restaurant Garoeda afgesluit, met die *bewinthebbers* en *joffers*. Dit is waar hulle in die *basa Malayu* gesels het, en ek my Kaapse stuiwer ‘*trima kasih,’* kon ingooi.

Vroeg die volgende oggend het Roeland en Charles ons weer Schiphol toe geneem, gelaai met geskenke en vriendskap. Die hele tyd wat ons daar was, was die weer sonnig en die lug vaalblou. Onder die bome in die parke was die eerste lenteblomme al oop. U sal verstaan met watter dankbaarheid ons hieroor skryf.

**Projekte:**

* ‘Van Riebeeck heining:’ Ons aansoek aan Erfenis Wes-Kaap om die fiktiewe ‘Van Riebeeck heining’ met sy aanstootlike plakkaat te deproklameer, het op 21 Augustus voor die Raad gedien. Ek het op uitnodiging getuienis gelewer, en die Raad sal ’n persverklaring uitreik en ook die publiek se mening oor die toekoms van die heining vra.

* Amsterdam Battery: Die oorblyfsel van die VOC se massiewe ou geskutbattery uit 1781, wat vir jare soos ’n waghond voor Tafelbaai se ingang gelê het, val nou binne die V&A Waterfront se gebied, en hulle is bereid om dit vir opvoedkundige en ontspannings-doeleindes effens op te knap en van inligtingsborde te voorsien. Ongelukkig is daarvan min oor, maar selfs die herinnering is bewaringswaardig. Ons Stigting het op 13 Augustus aan ’n eerste vergadering in dié verband deelgeneem.

Die straat agter die battery was van omtrent 1840 as Amsterdam Straat bekend, nou is dit Port Road. Ons het verlede jaar die Kaapse Stadsraad versoek om die ou naam te herstel; ek sal u laat weet as ’n besluit bekend gemaak word.

**Krotoa Place'/ Krotoas !khaes:* Die Stadsraad het die vierkant waar St George's Straat en Kasteel Straat kruis, vernoem na Krotoa van die Goringhaicona, later bekend as Eva van Meerhoff. Ons Stigting het hulle van 'n kort biografie voorsien vir 'n inligtingsbord, en as illustrasies 'n afbeelding van die Fort waar sy grootgeword het, en 'n tydgenootlike tekening van Koina herders. Mnr P. Dausab, wat die Koina-teks vir ons gedenkplaat by Zuurbraak geskryf het, vertaal *Krotoa Place* as *Krotoas !khaes*. Ons het dit ook aan die Stadsraad verskaf.

**Uit die Argief: Johannes van Steelandt**

Die retoervloot van 1712, onder kommandeur Van Steelandt wat in Februarie 1713 hier aangekom het, was waarskynlik die draer van die dodelike pokke wat daardie jaar epidemies uitgebreek het.

Johannes van Steelandt (1659-1716) het as 18-jarige klerk ('assistent') met die fluit *Delfshaven* van die kamer Delft ooste toe vertrek, en na 'n reis van net vyf maande op 27 Augustus in Batavia aangekom. In Januarie word hy verplaas na Masulipatnam op die Coromandel kus (ooskus) van Indië as soldyboekhouer. Hier is die tekstiel gekoop wat weer elders vir speserye verruil is. Vervolgens word hy kassier en pakhuismeester op Golconda, fiskaal by Masulipatnam, opperhoof van Golconda, opperkoopman en sekunde van Negapatnam, in 1700 opperhoof van Noord-Coromandel en in 1704 goewerneur van Coromandel. Hy bly tot 1710 daar, toe hy terug Batavia toe bevorder word as Raad van Indië.

As gevolg van klagtes begin sy opvolger, Daniel Bernard met 'n ondersoek na Van Steelandt se wanpraktyke. Hy versamel ongeveer 2000 verklarings teen Van Steelandt en fiskaal Robert Weir, insake privaathandel en afpersing deur geweld en marteling. Die bejaarde vorstin van Madura moes byvoorbeeld 4773 goue *pagodas* gee vir toestemming om haar in Negapatnam te vestig, en sommige hoë Indiese howelinge moes betaal om hul veiligheid te waarborg. Van Steelandt protesteer teen die ondersoek, verklaar dat hy onskuldig is, en vaar na 34 jaar in die ooste, met sy vyf kinders huis toe as admiraal van die 1712-retoervloot. Sy handlangers wat in Indië agterbly word veroordeel tot radbraak, vierendeel, ophang, onthoofding, ensovoort, maar hulle strawwe word in 1714 versag na gesel, brandmerk en verbanning na die Kaap. Dit beteken gewoonlik lewenslange arbeid op Robbeneiland. As '*eersame burger'* hertrou Van Steelandt in 1714, en sterf in 1716 in Delft.

Sou 'n meer verantwoordelike vlootvoog dalk die fatale pokke-epidemie, wat plaaslik gemiddeld 45% van die bevolking en 90% van die Koina uitgewis het, kon voorkom? [H.L. Houtzager e.a. (reds.): *Delft en de Oost-Indische Compagnie*, pp.197-198.]

**Nuut in ons biblioteek:**

P. Koop: *Zuid-Nederlanders in het Amsterdam van Rembrandt.* Antwerpen, 2006.
'n Besonder interessante kultuurgeskiedenis, geskryf deur dr Paul Koop, 'n stigterslid van die VOC Kamer Antwerpen. Hy neem jou te voet deur die ou ommuurde stad, buurt vir buurt, straat vir straat, huis vir huis, en vertel jou op wonderlik interessante wyse wie daar gewoon het, in watter families hy of sy ingetrou het en wat hulle bydrae tot die Goue Eeu

was. En verbasend, soveel van hulle was Vlaminge. Destyds was die VOC die land se grootste skeepseienaar, grootste werkgewer en grootste belastingbetaler; dat sy invloed wêreldwyd was is welbekend, maar lees hier hoe sy gewoeker en werksaamhede elke Amsterdammer aangeraak het. Ek verstaan die stad nou baie beter. Goeie leesstof vir enigeen wat Amsterdam gaan besoek. [103 bladsye, met bronnelys, kaarte en ander illustrasies.]

Lede wat boeke uit ons biblioteek wil leen, tref asb. reëlings met lid Natie Greeff by tel. 021-787-1153.

**Winkel:** Ter wille van die *Meermin*-fonds het lid Nico Walters 12 jaar (1998-2010) se *Generale Missives* op ’n DVD gesit en vir nuwe en ou lede beskikbaar gemaak. Bel ledesekretaris Boudewijn de Vries vir ’n kopie. Die prys is R60 vir lede en R80 vir nie-lede. Die formaat is PDF, wat maklike soektogte toelaat.
*Ook by Boudewijn beskikbaar is ’n aantal van ons silwer VOC-lapelspeldjies, net vir lede, teen R70.

*Behouwde vaert!*

D.SLEIGH
REDAKTEUR — 18 Augustus 2012